

HOOFSTUK 2: LITERATUURSTUDIE

2.1. INLEIDING

Die ervaring van verlies met die afsterwe van 'n geliefde is vir die laerskoolkind meestal traumaties. Dit is ook in die meeste gevalle vir die kind 'n nuwe ervaring, aangesien die dood van 'n geliefde dikwels vir die laerskoolkind sy eerste ontmoeting is met die harde realiteit van die dood as vorm van verlies. Daar is met hierdie studie gepoog om die ervaring van verlies van die laerskoolkind ná die dood van 'n geliefde beter te begryp en te beskryf. Spesifieke aandag is gegee aan verskillende aspekte met betrekking tot die laerskoolkind se ervaring van verlies.

Om werklik te kan begryp wat die laerskoolkind tydens verlies ervaar, is dit nodig om na die kenmerke van sy ontwikkelingsvlak te kyk, aangesien die ontwikkelingsvlak van die kind 'n invloed het op sy begrip van die dood. Hierdie studie het ten doel om vanuit 'n pastorale perspektief op die ervaring van verlies by die laerskoolkind te fokus. Die navorser maak vir hierdie doel spesiale melding van die kind se geestelike ontwikkeling binne die laerskoolkind se ontwikkelingsstadium.

Die pastorale perspektief is deurgaans bespreek en geïntegreer sodat die belang daarvan soos 'n goue draad sigbaar is. Die navorser het die treurproses van die kind wat verlies ervaar as gevolg van die dood van 'n geliefde ondersoek vanuit die perspektief van die Bybelse treurmodel. Die Bybelse treurmodel staan teenoor die Westerse treurmodel waar die treurproses van die wit, Afrikaanssprekende kind kultureel voorgestel word. Vanuit die literatuur is daar gesien dat die Westerse treurmodel openbaar dat die moderne samelewing vervreem geraak het van die ervaring van verlies en die sinvolle verwerking daarvan.

Hierdie studie is verder vanuit die verwysingsraamwerk van Gestaltspelterapie onderneem en daarom sal die literatuuroorsig ook die werkwyse en benutting van Gestaltspelterapie met betrekking tot die kind wat verlies ervaar, bespreek.

2.2. DIE ERVARING VAN VERLIES NA DIE DOOD VAN 'N GELIEFDE

Die intensiteit van die ervaring van verlies na die dood van 'n geliefde word volgens die navorser goed weerspieël deur die volgende uittreksel uit Lewis (in Roos, 2002:140) se gedig wat die pyn van verlies kommunikeer:

"No one ever told me
That grief felt so like fear.
I am not afraid,
But the sensation is like being afraid.
The same fluttering in the stomach,
The same restlessness, the yawning.
I keep on swallowing."

Daar word deur Van Niekerk (2002:51) aangevoer dat mense nie toegerus is om verlies te verwerk nie. Volgens die navorser is dit 'n onderwerp wat veral nie met kinders bespreek word nie en daarom is kinders meestal onkundig oor die ervaring van verlies. Die navorser vind ondersteuning vir hierdie stelling in Hindmarch (2000:185) se verwysing na die noodzaak dat skole se lewensoriënteringsprogramme die onderwerp van die dood met kinders behoort te bespreek. Hindmarch (2000:185) wys egter daarop dat onderwysers en ander persone wat met kinders werk dit slegs kan doen indien hulle hul eie vrese en angstigheid oor die dood sinvol hanteer het. Met die bespreking van die Westerse treurmodel soos Van Niekerk (2002:51-55) dit weergee, het die navorser bevind dat die meeste volwassenes self nie weet hoe om te treur nie en gevolglik baie onverwerkte emosies rondom die dood ervaar.

Volgens Van Niekerk (2002:23) word die dood van 'n geliefde met baie intense emosies ervaar. Persone wat die verlies van 'n geliefde se dood moet verwerk, ervaar die pyn so intens dat dit vir hulle voel asof hulle besig is om van hulle verstand af te gaan. Die navorser is van mening dat die warboel emosies wat die kind ervaar, vir die kind ook baie verwarrend en vreesaanjaend kan wees. Du Toit en Du Toit (in Roos, 2002:141) wys daarop dat 'n kind anders as 'n volwassene rou en dat kinders van verskillende

ontwikkelingsvlakke ook verlies verskillend ervaar. Dit beteken egter nie, volgens die navorser, dat die kind se ervaring van verlies minder intens as die volwassene se ervaring is nie. Die teendeel mag moontlik waar wees.

2.2.1. Verskillende vorme van verlies

Dit is nodig om daarop te wys dat daar verskillende vorme van verlies bestaan.

2.2.1.1. Tasbare en simboliese verliese

Daar word deur Rando (in Van Niekerk, 2002:18) twee vorme van verlies onderskei. Die eerste is tasbare verlies, soos die verlies van 'n geliefde deur die dood, die verlies van 'n ledemaat, diefstal van 'n motor of 'n huis wat afbrand. Daar is egter ook abstrakte, simboliese verlies wat as gevolg van menslike interaksie plaasvind. Voorbeelde hiervan is egskending of iemand wat sy werk verloor. Du Toit en Du Toit (in Roos, 2002:133) onderskei tussen groot en klein verliese. Klein verliese behels siekte of die verloor van geld, terwyl groot verliese verwys na die dood van 'n geliefde of egskending. Die navorser is van mening dat dit riskant is om verliese in die algemeen te kategoriseer as groot of klein, aangesien die ervaring van wat 'n groot of klein verlies is vir verskillende mense volgens hulle persoonlike belewenis grootliks kan verskil.

Volgens Van Niekerk (2002:19) word die mens deur die loop van sy lewe konstant met verliese gekonfronteer. Verlies kan amper daagliks in elke mens se lewe waargeneem word. Die verlies kan egter van so 'n geringe aard wees dat die persoon self nie eers werklik van sy verlies bewus is nie. 'n Voorbeeld hiervan is liggaamlike verlies met die intree van ouderdom, maar ook die verlies van die kleuter se melktande. 'n Vriend wat verhuis het of 'n vriendskap wat as gevolg van konflik verbreek het, is alles voorbeelde van verlies. Simboliese of werklike verliese wat minder intens ervaar word as byvoorbeeld die verlies van die dood, kan as waardevolle verlieservarings beleef word en dit verskaf insig vir die hantering van meer intense verlieservarings.

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat mense en veral kinders begelei moet word om 'n groter bewustheid van alledaagse verliese te ervaar en om hierdie verliese sinvol te verwerk. Die ervaring van die bewustheid en verwerking van alledaagse verliese kan

kinders help om intense verlies soos die ervaring van verlies van die dood van 'n geliefde beter te verwerk. Dit behels dat volwassenes kinders moet begelei in die sinvolle verwerking van verliese soos 'n maatjie wat nie meer met hulle wil speel nie, 'n troeteldier wat doodgaan of selfs 'n geliefde speelding wat wegraak. Die navorser is van mening dat ouers maklik 'n kind se ervaring van verlies oor bogenoemde dinge as kleinighede afmaak, terwyl dit benut kan word as 'n sinvolle verlieservaring waaruit geleer kan word. Die navorser stem in hierdie verband saam met Obsatz (1999:34) dat alle vorme van verlies (en rou wat daarmee gepaardgaan) 'n normale proses van die lewe is en dat verlies in ons lewe geïntegreer moet word om dit sinvol te verwerk.

2.2.1.2. Sekondêre verliese

Volgens Van Niekerk (2002:20) is daar "simboliese" verliese wat met die dood van 'n geliefde gepaardgaan. Dit word sekondêre verliese genoem en is verlies wat ervaar word as gevolg van veranderinge wat plaasvind na die dood van 'n geliefde. Grobler (2000:50) verwys ook na sekondêre verliese wat die kind ervaar wanneer 'n ouer sterf. Die kind se gesin verbrokkel en die kind ervaar verlies van 'n veilige opvoedingsklimaat binne die gesin. Hindmarch (2000:137) wys op die sekondêre verlies wat kinders kan ervaar na die afsterwe van 'n sib. Dit is die verlies van die ouers se aandag, aangesien die ouers treur oor die afgestorwe kind en nie aan die oorblywende kind die nodige aandag gee nie. Die gevolgtrekking word deur Hindmarch (2000:137) gemaak dat die verlies van sekuriteit, vertrouwe en normaliteit na die dood van 'n sib dikwels meer verreikende implikasies op die kind het as die onmiddellike ervaring van die verlies van die sib se fisieke teenwoordigheid of geselskap. Die navorser het uit ondervinding met kinders wat verlies ervaar het, beleef dat die sekondêre verlies van 'n gelukkige ouer na een wat konstant treur oor die sib wat gesterf het veral vir die jonger kind ontwrigtend is. Hulle voel ontneming van normaliteit en die ouer se aandag.

2.2.2. Die moderne mens se vervreemding van die ervaring van verlies

Volgens Schoeman (2001:123) het die moderne mens hulle van die dood vervreem. Dekades gelede het die mens saam met die dood gelewe deurdat die lewensverwagting korter was; kinders het jonk gesterf en meeste siektes was nie behandelbaar nie. Die dood was 'n natuurlike, alledaagse verskynsel: op elke solder het 'n doodkis gelê,

kisklere het gereed gelê en die begraafplaas was by die huis. Van Niekerk (2002:11) voeg daarby dat kinders van daardie tyd die werklikheid van doodgaan in die natuur rondom hulle gesien het en dit as 'n gegewe realiteit ervaar het.

Die afgelope eeu het sosiale, tegnologiese en mediese ontwikkeling 'n totaal nuwe situasie met nuwe eise geskep. Familiebande het ook verswak en kinders word weggehou van sterfkamers en begrafnisse. Kinders vorm nie meer deel van die familie se treurproses nie deurdat hulle grootliks uitgesluit word uit rituele geleenthede soos begrafnisse (Van Niekerk, 2002:11). Hindmarch (2000:137) verwys hier na ingeligtheid en betrokkenheid van die kind na die afsterwe van 'n geliefde. Die kind het nodig om te weet wat met die sterwende persoon gebeur terwyl hy sterwend is en die kind het nodig om betrokke te wees by die rourituele van die familie, soos die begrafnis. Wanneer die kind weerhou word van hierdie deel van die rouproses binne die familie- of gesinsopset, kan die kind 'n groter skuldgevoel ontwikkel en vertroue tussen die ouer en kind kan skade lei.

Die gevolgtrekking word deur Schoeman (2001:123) gemaak dat die moderne mens nie meer bekend is met die proses van die dood nie. Dit het volgens die navorser bepaalde implikasies vir die kind se ervaring van verlies met die dood van 'n geliefde. Die ervaring van die dood is 'n totaal vreemde ervaring waarop hulle nie voorbereid is nie. Hierdie stand van sake word vererger deurdat die familie-ondersteuning van vroeër dikwels ontbreek en dat kinders nie meer by ouers en grootouers sinvol kan waarneem hoe hulle die treurproses moet verwerk nie (Van Niekerk, 2002:11). Grollman (in Doka, 1995:17) stel die dood van 'n geliefde as 'n krisis wat deur alle lede van die familie gedeel moet word. Wanneer ouers kinders uitsluit uit die treurproses, ontnem ouers hulle kinders die geleentheid om hulle pyn te deel en voel die kinders geïsoleer.

2.2.3. Die Bybelse treurmodel versus die Westerse treurmodel

Daar word deur Van Niekerk (2002:51-65) 'n insiggewende vergelyking getref tussen die sogenaamde Westerse treurmodel teenoor wat die skrywer noem die Bybelse treurmodel. Die Westerse treurmodel word deur Van Niekerk (2002:51-56) weergegee as 'n tipiese voorstelling van hoe die moderne samelewing op verlies en die ervaring van

die afsterwe van 'n geliefde reageer. Van Niekerk (2002:57-65) het in reaksie op die Westerse treurmodel die Bybelse treurmodel saamgestel. In die literatuur word ook ander treurmodelle gevind. Die navorser is van mening dat die terapeutiese hantering van verlies nie die Westerse treurmodel onderskryf nie, maar juis die wanopvattinge en leemtes aanspreek. Om hierdie rede is die navorser van mening dat die Bybelse treurmodel aanvullend tot die terapeutiese hantering van die kind wat verlies ervaar, aangewend kan word. Om dié standpunt te handhaaf sal die navorser telkens vanuit die Gestaltspelterapeutiese benadering inligting ter ondersteuning van die Bybelse model verskaf.

Van Niekerk (2002:11) wys daarop dat die treurmodelle wat volwassenes volg van groot belang is vir die kind se verwerking van verlies omdat kinders ouers as rolmodelle in die rouproses beskou. Kinders sal geneig wees om die ouers se treurmodel na te volg. Grollman (in Grobler, 2000:29) dui aan dat kinders veral geneig is om met die dood van 'n ouer die oorblywende ouer se emosies en gedrag te modelleer. Oaklander (1988:248) stem saam met genoemde outeurs en voer aan dat ouers 'n belangrike skakel is in die kind se verwerking van verlies. Ouers moet meer openlik oor hulle eie emosies rondom die verlies praat sodat die kind meer gewillig sal wees om sy emosies en verwardhede te deel. Ouers wat wegskeur daarvan om die dood van 'n geliefde te bespreek en so indirek voorgee dat die verlies nie daar is nie, veroorsaak meer stres en angst by die kind. Volgens die outeur is dit nie 'n goeie wyse om die kind teen verdere seerkry te beskerm nie. Die ouer rig so meer skade aan. Hindmarch (2000:137) stem saam met Oaklander (1988:248) en dui aan dat kinders die vermoë het om atmosfeer en gevoelens op te tel en daarom sal hulle instinkmatig bewus wees daarvan dat die volwassenes nie met hulle wil praat oor die dood nie. Hierdie geheimsinnigheid veroorsaak groter angstigheid by die kind saam met die verlies wat hy reeds ervaar.

Daar word deur Van Niekerk (2002:51) aangevoer dat die moderne mens die ervaring van verlies tot 'n groot mate ontken en gevolglik het dit 'n negatiewe invloed op die sinvolle verwerking en integrasie van verlies in mense se lewens. Vanaf die kinderdae word mense geprogrammeer om sekere emosies op 'n sekere manier te hanteer. 'n

Voorbeeld daarvan is die wankonsep aangaande seuns wat lui dat "'n man nie huil nie". As gevolg van hierdie gebrekkige treurmodel wat voorgehou word, ervaar mense voortdurend onverwerkte treurgevoelens.

Die Westerse treurmodel word vervolgens in ses stappe teenoor die Bybelse treurmodel uiteengesit met spesiale verwysing na hoe die Gestaltspelterapeutiese benadering die Bybelse model onderskryf.

2.2.3.1. Onderdrukking van ware gevoelens

Dit gebeur dikwels dat wanneer 'n kind verlies ervaar, soos met 'n troeteldier wat doodgaan, die ouers die kind se verlies ignoreer en dit afmaak as onbelangrik. Dit veroorsaak dat die kind eerder sy gevoelens van verlies onderdruk, aangesien die verlies oënskynlik nie werklik so erg behoort te wees nie. Van Niekerk (2002:56) wys daarop dat Jesus volgens die Bybel in Johannes 11 gehuil het met die dood van Lasarus. Die Bybelse treurmodel moedig mense aan om uiting te gee aan hulle pyn deur te huil indien hulle die behoefte daartoe het. In I Tessalonisense 4:13 wys die apostel Paulus mense daarop om nie te treur soos die wat geen hoop het nie. Dit is volgens Van Niekerk (2002:56) die verskil tussen die Bybelse en Westerse treurmodel. Die Bybelse model sien trane nie as 'n teken van swakheid nie, maar as een van die wyses waarop 'n persoon uitdrukking aan sy rou kan gee. Vanuit 'n Gestaltspelterapeutiese vertrekpunt stem die navorser ten volle saam met die Bybelse model, naamlik om uiting aan gevoelens te gee van wat hier en nou ervaar word. Die hantering van verlies by die laerskoolkind is juis daarop gerig om die ervaringswêreld van die kind rondom die verlies te ontsluit en om deur dialoog betekenis aan die traumatiese gebeure te gee waaruit 'n besef van realiteit kan ontstaan en die kind weer uit die chaos orde en beheer kan verkry. Basiese terapeutiese vaardighede soos warmte en empatie is hiervoor nodig (Du Toit & Du Toit, in Roos 2003:120).

2.2.3.2. Vervang verliese so gou moontlik

Volgens die Westerse treurmodel (Van Niekerk, 2002:56) sal die ouers aan die kind wie se troeteldier dood is, die voorstel maak om 'n ander hondjie te gaan koop. In plaas daarvan dat die gevoelens van verlies van die troeteldier se dood hanteer word, word

die verlies eerder vinnig vervang. Die kind leer dus dat hy so gou moontlik moet aangaan met sy lewe en nie tyd moet neem om die verlies van die dood van 'n geliefde deur te werk nie. Die Bybelse treurmodel wys daarop dat elke mens 'n unieke gawe van God is en dat die dood van 'n geliefde 'n gemis meebring waarvoor daar so lank nodig gerou moet word (Van Niekerk, 2002:58). Vanuit die Gestaltbenadering wys Hamilton (1997:71) daarop dat om iemand wat rou as gevolg van 'n verlies in sy rouproses aan te jaag, daarop wys dat daar geen begrip is vir die pyn waarmee die persoon leef nie. In Gestaltspelterapie word daar na die persoon wat egter nie in sy rouproses wil aanbeweeg nie, verwys as 'n toestand van weerstand. Weerstand is slegs 'n kreatiewe manier van die treurende om aan te dui dat hy nog nie reg is om aan te beweeg nie. Wanneer die weerstand deur terapeutiese intervensie tot bewustheid gebring word, is die pad van genesing reeds betree (Hamilton, 1997:71).

2.2.3.3. Hanteer emosie alleen

Daar word in die Westerse treurmodel aan kinders gemodelleer dat hulle hul emosies van verlies in afsondering tot uiting moet bring, anders skep dit ongemak vir die mense wat dit moet aanskou. Daarom kom mense "sterk" voor op begrafnisse en huil hulle wanneer hulle alleen is. Die Bybelse treurmodel wys ons daarop dat gelowiges in tye van rou in mekaar 'n troosgemeenskap vind. In 2 Samuel 12:24 vind ons die voorbeeld waar Dawid na sy seun se dood hom nie afsonder nie, maar juis na Batseba toe gaan om haar te vertroos. Dit is volgens Van Niekerk (2002:61) 'n ou pastorale beginsel: deur te gee ontvang 'n mens, deur te troos word jy self getroos. Grobler (2000:3) lewer vanuit navorsing oor die terapeutiese begeleiding van die kind na die afsterwe van 'n ouer 'n pleidooi dat kinders effektief terapeuties, maar ook vanuit die gemeenskap, ondersteun moet word na die dood van 'n geliefde. Die navorser stem saam met die pleidooi van bogenoemde navorsers dat kinders terapeuties, maar ook deur familie en vriende die nodige ondersteuning moet kry. In die praktyk het die navorser ondervind dat ouers graag wil glo dat die kind die verlies goed hanteer na aanleiding van vooropgestelde idees soos "die kind huil nie meer so baie nie" of "die kind huil baie". Die ouer praat egter nie werklik met die kind om vas te stel wat hulle ware gevoelens is nie. Wanneer die kind wel met iemand praat, is die kind se pyn intens, maar nooit effektief hanteer nie.

2.2.3.4. Tyd genees alle pyn

Wanneer 'n kind sou praat oor die pyn met die verlies van byvoorbeeld 'n grootouer, is volwassenes volgens die Westere treurmodel geneig om te troos deur daarop te wys dat die pyn oor tyd sal minder word en weinig word gedoen om die verlies deur te werk. Van Niekerk (2002:62) wys volgens die Bybelse treurmodel daarop dat die geheue van die intense pyn oor tyd wel vervaag. Die gevoelens van verlies is egter nie verwerk nie en hierdie onverwerkte treurgevoelens affekteer dikwels die persoon se latere verhoudingslewe, asook sy emosionele en geestelike welsyn. Volgens Van Niekerk (2002:62) kan depressie by volwassenes dikwels terughert word na onverwerkte verlies na die dood van 'n geliefde tydens die kinderjare. Hierdie standpunt word deur Shapiro (in Grobler, 2000:36) ondersteun deur navorsing wat die juistheid hiervan bevind het. Die Bybelse treurmodel voer aan dat die Heilige Gees se inwerking volkome heling van wonde bring en nie bloot die vervaging van pyn wat met tyd kom nie (Van Niekerk, 2002:62). Knights (2002:9) wys daarop dat die Gestaltbenadering 'n holistiese benadering volg waar die kern van die mens se holistiese lewenservaring die self of gees is. Die mens is as geheel – liggaam, siel en gees – 'n Gestalt. Vanuit hierdie perspektief redeneer die navorser dat die Gestaltspelterapeutiese benadering ruimte laat vir die treurende kind om op 'n geestelike vlak deur God aangeraak te word as deel van sy genesingsproses.

2.2.3.5. Leer om met skuldgevoelens saam te leef

Wanneer kinders skuldgevoelens ervaar na die dood van 'n geliefde, word hulle volgens die Westerse treurmodel geleer dat almal skuldgevoelens ervaar en dat die kind maar moet leer om daarmee saam te leef (Van Niekerk, 2002:62). Die Bybelse treurmodel leer dat vergifnis vrede tot gevolg het. Dit is nodig vir die persoon wat skuldgevoelens ervaar oor iets wat hy gedoen het of nie gedoen het nie, om op 'n simboliese wyse vergifnis te vra en dan vergifnis in die geloof te aanvaar (Van Niekerk, 2002:62). Joyce en Sills (2001:131) voer aan dat die Gestaltbenadering juis daarop wys dat die kind wat verlies ervaar baie onvoltooidhede het wat deur terapeutiese tegnieke op die voorgrond gebring en hanteer kan word. Volgens die navorser sluit hierdie "onvoltooidhede" die

skuldgevoelens in die treurproses in wat in die teenswoordige tyd hanteer behoort te word.

2.2.3.6. Verskansing teen naby-verhoudings

Die Westerse treurmodel bevorder die opvatting dat mense hulleself emosioneel van ander moet afsonder om te voorkom dat hulle verdere verlies ervaar. So 'n persoon word as 't ware 'n gevangene van sy eie smart (Van Niekerk, 2002:64). Die Bybelse treurmodel leer dat God die mens nooit alleen sal laat nie (Hebreërs 6:13-14). Daarom hoef die gelowige mens nie te vrees om lief te hê nie, omdat hy kan weet dat te midde van sy aardse verliese God altyd met hom sal wees (Van Niekerk, 2002:64). Daar is reeds verwys na die klem in terapeutiese begeleiding dat kinders wat treur juis deur die voorbeeld van ouers aangemoedig sal word om nie hulleself van ander te isoleer nie, maar hulleself gesonde interaksie met ander sal toelaat (Grobler, 2000:3). Die navorser is van mening dat die kind nodig het om vertroue in die lewe en in God te herondek, sodat hy nie bang sal wees om ten volle lief te hê nie. Dit is daarom van belang dat kinders se geestelike vrae oor die wil van God met die afsterwe van 'n geliefde sinvol hanteer word.

2.2.4. Die rouproses

Daar word deur Schoeman (2001:125) verwys na die rouproses as 'n intens emosionele belewenis, gedrag en reaksie as gevolg van die dood van 'n geliefde. In die treurproses sal die treurende in sy totale menswees deur verskillende fases van smartontwrigting heen worstel na die aanvaarding en aanpassing na die verlies. Schoeman (2001:123) verwys na die volgende drie fases wat in die rouproses teenwoordig is:

- Die poging om die verlies te herwin wat manifesteer in huil en/of emosies van aggressie.
- Die disorganisasiefase wat manifesteer in depressiewe emosies.
- Die reorganisasiefase wat manifestasie van 'n nuwe gerigtheid toon.

2.2.4.1. Fases van kinderlike rou

Daar word verskeie fases van rou by kinders wat verlies ervaar na die dood van 'n geliefde geïdentifiseer. Grobler (2000:28) wys egter pertinent daarop dat daar nie 'n

eksakte indeling van die fases gemaak kan word nie, aangesien menslike emosies, veral in die rouproses, verweef en gekompliseerd is. Rou word duidelik beklemtoon as 'n proses en nie as gebeure wat in 'n hiërargiese volgorde plaasvind nie. Van Niekerk (2002:24) stem met Grobler saam en wys daarop dat die fases van rou nie net so op die treurproses toegepas kan word nie, aangesien die fases nie aan 'n chronologiese proses of tydsduur gekoppel kan word nie. 'n Treurende persoon mag selfs die fases afwisselend en herhalend ervaar en daarom is die fases relatief en van wisselende faktore afhanklik.

In die literatuur word die roufasies deur verskeie navorsers beskryf. Die bekendste beskrywing van roufasies is sekerlik die van Kübler-Ross (in Grobler, 2000:24; in Du Toit & Du Toit, 2002:143). Grobler (2000:27) het ooreenkomste nagevors tussen die indeling van die roufasies deur verskillende outeurs soos dit in die literatuur verskyn. Sy het bevind dat die fases van rou uit 'n kombinasie van die volgende bestaan:

2.2.4.1.1. Skok en ontkenning

Dit behels die geneigdheid om die dood te ontken en sodoende die realiteit te ontduik vanweë die intense emosionele pyn wat ervaar word (Grobler, 2000:24).

2.2.4.1.2. Woede en aggressie

Volgens Du Toit en Du Toit (in Roos, 2002:144) word die persoon gekonfronteer met die realiteit van die dood in hierdie fase. Intense gevoelens van woede en aggressie kom na vore. Die persoon kan kwaad wees vir homself, hy kan ander vir die verlies blameer, hy kan kwaad word vir die oorledene omdat hy doodgegaan het en/of hy kan kwaad wees vir God omdat God toegelaat het dat die persoon doodgaan.

2.2.4.1.3. Depressie, angstigheid en skuldgevoelens

Skuldgevoelens kom na vore wat verband hou met sy gedrag voor die afsterwe van die persoon. Kinders kan ook skuldig voel omdat hulle niks kon doen om die afsterwe van die persoon te verhoed nie. Die kind kan oor die algemeen meer angstig voorkom en veral vrees vir enige ander verliese (Grobler, 2000:26). Hierdie skuldgevoelens en


hartseer kan aanleiding gee tot 'n fase van depressie. Volgens Grobler (2000:24) is depressie 'n normale reaksie op die dood van 'n geliefde.

2.2.4.1.4. Aanvaarding

In hierdie fase kom die kind by die punt om die realiteit van die dood van die geliefde te aanvaar en die verlies te integreer met sy lewe (Du Toit & Du Toit in Roos, 2002:144).

Aangesien die roufases nie in 'n hiërargiese volgorde plaasvind nie, word die rouproses diagrammaties as volg voorgestel (Grobler, 2000:28):

DIAGRAM 2.1 DIE FASES VAN ROU



2.2.5. Tipiese reaksies teenwoordig in die rouproses

Volgens Schoeman (2001:126) is daar tipiese reaksies teenwoordig in die rouproses. Die verskillende reaksies kan as volg beskryf word.

2.2.5.1. Gevoelsreaksies

Daar is volgens Schoeman (2001:125) tipiese gevoelsreaksies teenwoordig in die rouproses. Gevoelsreaksie verwys na verskillende reaksies wat op die gevoelsvlak van 'n persoon na vore kom met die dood van 'n geliefde. 'n Voorbeeld hiervan is skokreaksie. Skokreaksie kom in verskillende grade voor en word veral bepaal deur die doodsomstandighede en onverwagsheid van die dood.

2.2.5.2. Gevoelsverdediging

Daar is ook tipiese gevoelsverdediging teenwoordig in die rouproses. Dit behels verskillende vorme van verdediging op die gevoelsvlak waardeur die persoon wat verlies ervaar homself teen die pyn verdedig. 'n Voorbeeld hiervan is ontvlugting deur middel van kalmeermiddels of drank (Schoeman, 2001:126).

2.2.5.3. Gevoelsprosesse

Tipiese gevoelsprosesse is ook teenwoordig in die rouproses. Hierdie gevoelsprosesse word ook in vlakke ingedeel en verwys na die prosesse waardeur die treurende persoon beweeg om die verlies te verwerk (Schoeman,2001:127).

2.2.5.4. Godsdienstige of geestelike belewenis van die kind in die rouproses

Daar word deur Schoeman (2001:127) ook die godsdienstige belewenis in die rouproses erken. Sy voer aan dat die Christengelowige se lewens- en wêreldbeskouing 'n gewisse invloed op sy sterwensgebeure het. As gelowige geld die volgende kernmomente:

- Die soewereine God bepaal ons sterwensomblik.
- Deur Christus se soenverdienste kan ons sterf met volle gemoedsrus.
- Die uitverkiesing van God bied sekerheid van die ewige lewe.
- Jesus Christus se oorwinning oor die dood, sy opstanding en herskepping, bewaar die gelowige van 'n aardsgebonde instelling oor die dood.

Volgens Du Toit en Du Toit (2002:103) word die geestelike behoeftes van getraumatiseerde persone deur die Aangepaste Trauma-ontlontingsmodel erken. Die uitgangspunt is dat die mens 'n holistiese wese is met emosionele, kognitiewe, fisieke, sosiale en geestelike behoeftes. Bevindings is dat die meerderheid persone in Suid-Afrika hulle geestelike verhouding met God bevraagteken wanneer hulle die dood van 'n geliefde of ander trauma ervaar. Die skrywers voer aan dat indien die geestelike aspek nie hanteer word nie, dit negatiewe implikasies inhou vir die integrering van die ervaring met die persoon se lewenservarings en dit kan spanning en wanbalans tot gevolg hê. Die navorser stem saam dat die aanspreek van die kind se geestelike belewing en veral vrae met die dood van 'n geliefde van groot belang is in die verwerking van die verlies.

Die Christenkind se ervaring van God se werking in sy lewe kan, afhangend van sy geloofsgroei, baie werklik wees en kan daarom nie geïgnoreer word nie.

Die studie genaamd "The Child Bereavement Study" (Doka, 1995:137) dui aan dat tot 74% van die kinders wat aan die studie deelgeneem het, glo dat daar 'n plek genaamd "hemel" is waar mense gaan na hulle dood. Die kinders sien ook die afgestorwe geliefde as 'n persoon met konkrete eienskappe wat kan hoor, ruik en sien. Die navorser vind dit interessant dat die studie bevind het dat kinders vanuit 'n Christelike agtergrond, sowel as kinders vanuit 'n nie-Christelike agtergrond, glo in 'n hiernamaals of hemel waarheen mense gaan na hulle dood. Die navorser maak die afleiding dat geloof in die bestaan van 'n hemel, volgens hierdie studie, nie herlei kan word na die kind se geestelike ontwikkeling nie, maar 'n algemene geloofsopvatting is, wat kinders graag wil glo omdat dit vir hulle 'n mate van troos inhou.

2.3. ASPEKTE WAT 'N INVLOED HET OP DIE KIND SE ERVARING VAN VERLIES

Daar is verskeie aspekte wat 'n groot invloed het op die wyse waarop die kind verlies van die dood van 'n geliefde gaan ervaar. Uit die literatuur kom dit telkens duidelik na vore dat die ontwikkelingsvlak van die kind 'n bepalende rol speel in die kind se ervaring van verlies. Die ontwikkelingsvlak van die laerskoolkind sal vervolgens ondersoek word om vas te stel wat die invloed daarvan op die ervaring van die kind se verlies is. Vanweë die pastorale perspektief van hierdie studie sal daar ook indringend na die kind se geestelike ontwikkelingsvlak binne die laerskoolkind se ontwikkelingstadia gekyk word. Daarna sal die navorser ook die geleentheid benut om na enkele ander aspekte te kyk wat in 'n mindere of meerdere mate 'n invloed op die kind se ervaring van verlies kan hê.

2.3.1. Kenmerke van die ontwikkelingsfase en die invloed van verlies daarop

Die kenmerke van die laerskoolkind se ontwikkelingsfase is van groot belang omdat dit bepalend is vir die kind se hantering van verlies en die sinvolle verwerking daarvan. Du Toit en Du Toit (2002:141) voer aan dat 'n kind rou volgens sy ontwikkelingsvlak en sy begrip van dood en verlies. Om hierdie rede rou 'n kind in sy laerskooljare anders as wat 'n kleuter of 'n tiener sal rou. Die kind het nodig om net soos volwassenes deur die

pyn van die verlies te werk. Die verskil is net dat 'n kind die verlies en die gevoelens wat daarmee saamgaan binne die parameters en beperkinge van sy ontwikkelingsvlak moet hanteer (Lawrentz & Green, 2001:95). Mundy (2001:1) wys daarop dat 'n volwassene gewoonlik reeds vorige verliese ervaar het, waaruit hy moeilik verworwe wysede geleer het en wat hom help om deur die pyn van sy huidige verlies te werk.

Daar word deur Doka (1995:xi) klem gelê daarop dat die kind se ontwikkelingsfase nie net die fisieke ontwikkeling behels nie, maar die kind se emosionele, kognitiewe, sosiale, sielkundige en gedragsontwikkeling insluit. Die kind se kulturele en godsdienstige agtergrond, die ondersteuning vanuit sy gesinsopset, die gemeenskap en skool, asook die kind se lewenservarings tot op hede speel alles 'n belangrike rol in die kind se totale ontwikkeling. Die navorser maak die afleiding dat 'n kind nie op grond van sy ouderdom rigied binne 'n bepaalde ontwikkelingsfase geplaas moet word nie. Daar kan nie aannames gemaak word dat 'n kind volgens sy ouderdom op 'n bepaalde wyse sal voel of optree nie. Grollman (in Doka, 1995:19) verwys spesifiek hierna wanneer hy aandui dat 'n kind se persepsie van dood nie binne 'n vaste ouderdomskategorie ingepas kan word nie. Daar kan slegs riglyne gegee word wat as 'n aanduiding kan dien van wat die kind se begrip van die dood op 'n spesifieke ouderdom behels.

Dit is vir die navorser van belang om daarop te wys dat daar nie veralgemeen kan word dat elke kind tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar noodwendig spesifieke kenmerke binne die ontwikkelingsfase moet toon nie. Elke kind is 'n individu wat altyd as uniek beskou moet word. Dieselfde is van toepassing op die laerskoolkind se reaksies op die dood van 'n geliefde. Daar is nie 'n gegewe norm nie, maar slegs waarnemings van wat in navorsing algemeen voorgekom het. Hindmarch (2000:56) verwys daarna dat elke kind teen verskillende tempo's volwassenheid bereik en dat die verlies van 'n geliefde regressie na die vorige ontwikkelingsvlak tot gevolg kan hê.

Die navorser is van mening dat dit nodig is om 'n algemene kennis te hê van hoe die laerskoolkind fisiek lyk, waartoe hy in staat is, wat sy oorheersende emosionele belewenisse is, wat sy kognitiewe denkprosesse is en hoe hy sosialiseer, sodat die kind

optimaal ondersteun kan word in die verwerking van sy verlies. Die kenmerke van die laerskoolkind se ontwikkelingsfase sal derhalwe bespreek word met verwysing na spesifieke reaksies wat die kind mag ervaar as gevolg van die dood van 'n geliefde.

2.3.1.1. Emosionele ontwikkeling

Daar is verskeie emosies wat in die laerskoolkind na vore kom. Vrees speel nog 'n groot rol by die laerskoolkind, alhoewel Van den Aardweg en Van den Aardweg (1997:17) van mening is dat konkrete vrese in hierdie stadium afneem en dat abstrakte vrese toeneem. Schoeman (2001:26) stem saam dat daar 'n afname in vrees is wat verband hou met die liggaam. Kinders is in hierdie stadium bang vir die onnatuurlike, vir swak skoolprestasie of dat hulle ouers kan doodgaan. Aggressie wat algemeen voorkom in hierdie ontwikkelingsfase is volgens Schoeman (2001:26) 'n uitvloeisel van 'n sekondêre doel soos byvoorbeeld selfgeding of selfbevoordeling. Die kind wat liefde ervaar kan makliker liefde gee. Geslagsidentifikasie speel hier 'n belangrike rol in die konteks dat die kind graag identifiseer met die ouer van dieselfde geslag.

Daar word deur Grobler (2000:42) beweer dat die reaksie op die dood van 'n geliefde, byvoorbeeld 'n ouer, die grootste impak het op die kind se emosionele belewenis. Emosionele reaksies wat algemeen voorkom met verlies by 'n kind in hierdie ouderdomsgroep is die volgende:

- Hartseer

Hartseer word intens ervaar met die dood van 'n geliefde by die laerskoolkind (Vos, 1997:36). Die kind se hartseer word egter dikwels misken omdat hy nie altyd openlik uiting gee aan sy pyn nie. Dit lei tot gemaskerde rou wat meebring dat die kind nooit werklik die emosie wat rondom die verlies ervaar word, verwerk nie. Dit gee aanleiding daartoe dat die verlies nie werklik verwerk en aanvaar word nie.

- Skuldgevoelens

Volgens Vos (1997:36) kom skuldgevoelens en gevoelens van leegheid dikwels by die laerskoolkind voor na die dood van 'n geliefde. Die kind wat 'n ouer aan die dood afgestaan het, voel volgens Grobler (2000:36) dikwels skuldig oor ongehoorsaamheid voor die ouer se dood. Hindmarch (2000:138) wys daarop dat kinders skuldig kan voel oor verskeie aspekte rondom die dood van 'n geliefde soos dat hulle iets kon gedoen het om die dood te verhoed.

- Angstigheid en depressie

Volgens Vos (1997:36) is angstigheid en vrees vir die verlies van die oorblywende ouer 'n algemene verskynsel in hierdie fase. Die kind ervaar ook angste wat verband hou met die besef dat hy self tot sterwe kan kom en ontwikkel as gevolg hiervan ook vrees vir die donker en wil dikwels nie gaan slaap nie (Phillips in Grobler, 2000: 36). Shapiro (In Grobler, 2000:36) wys daarop dat angstigheid dikwels 'n simptome van depressie is. Depressie by kinders word dikwels misgekyk aangesien 'n depressiewe kind nog steeds tye van pret en spel kan geniet en dat tye van vrolikheid nie dui op die afwesigheid van 'n depressiewe gemoedstoestand nie.

- Woede

Daar word deur Lawrentz en Green (2001:96) daarop gewys dat woede dikwels 'n spontane reaksie is by die kind wat verlies ervaar as gevolg van die dood van 'n geliefde. Hierdie woede kan tot die self, die persoon wat afgesterf het of tot God gerig wees. Schoeman (1996:176) beklemtoon die belang daarvan dat die kind se woede erken en binne die terapeutiese opset hanteer moet word.

2.3.1.2. Kognitiewe ontwikkeling

Die kind in sy laerskooljare is volgens Piaget se teorie in die konkreet-operasionele fase waar hy verskeie aspekte van 'n saak gelyktydig in aanmerking kan neem. Sy

redenasies word meer logies en hy kan op verskillende aspekte begin konsentreer. Sy denke is nie meer intuïtief nie (Schoeman, 2001:26). Etaugh en Rathus (1995:404) wys daarop dat die kind se denke in hierdie stadium tog nog baie konkreet is. Volgens Schoeman (2001:26) vind daar 'n afname in egosentrisme plaas en die kind is in staat om iemand se perspektief in te sien. Konformeringsneem toe en die kind kan sy eie standpunt begin wysig. Spel word verander deurdat monoloog vervang word met speletjies wat reëls het. Die kind verwar ook nie meer die betekenis van oorsaak en gevolg nie. Die skool speel 'n belangrike rol in hierdie lewensfase van die kind. Wanneer die kind deur ouers en die onderwysers aangemoedig word, ontwikkel werkywer (Schoeman, 2001:26).

Volgens Grollman (in Grobler, 2000:37) begryp die laerskoolkind die finaliteit van die dood ten volle, maar dit beteken nie dat die kind die dood maklik aanvaar nie. Gebrek aan konsentrasie kan by hierdie kinders verwag word. Grobler (2000:37) wys daarop dat die kind die dood as 'n realiteit aanvaar en verstaan dat die dood nie omkeerbaar is nie. Daar word deur Stickney (1997:2) die storie vertel van die naaldekokers en waterbesies wat die onomkeerbaarheid van die dood aan kinders verduidelik. Grollman (in Doka, 1995:141) benadruk dit dat daar opgelet sal word na die kind se verstaan van terminologie rondom die dood en dat volwassenes daarop sal let dat kinders die betekenis van woorde wat hulle in hulle omgang met die kind gebruik, duidelik sal maak.

2.3.1.3. Fisieke ontwikkeling

Tydens die laerskooljare vind liggaamlike groei stadiger en meer geleidelik plaas as tydens die kleuter- en adolessente jare. Fisieke ontwikkeling moedig die verkenning van die omgewing aan en dra grootliks by tot die kind se kognitiewe ontwikkeling en selfkonsep. Fisieke welstand is 'n voorvereiste vir die welstand van die kind in totaliteit (Van den Aardweg & Van den Aardweg, 1999:174). Die perseptueel-motoriese ontwikkeling van die kind in die laerskool is reeds goed ontwikkel. Die kind het eindelose energie en toenemende motoriese vaardighede wat hy op verskillende wyses gebruik (Burden, 1997:228).

Daar word deur Grobler (2000:37) daarop gewys dat verlies ook fisieke gevolge vir die laerskoolkind inhou. Konstante moegheid en duiseligheid is veral opmerklik by hierdie kinders. Worden (1996:87) het in navorsing bevind dat die laerskoolkind wat verlies ervaar, geneig is om algemene gesondheidsprobleme te ontwikkel en dat somatisering veral voorkom in die tweede jaar na die verlies. Grobler (2000:42) maak 'n waarneming dat die fisieke reaksie op die dood van 'n geliefde nie in literatuur genoeg belig word nie. Sy huldig die mening dat die voorkoms van algemene gesondheidsprobleme ook indirek kan lei tot skolastiese probleme sou skoolbywoning ongereeld wees. Dit kan lei tot sosialiseringprobleme wat weer aanleiding kan gee tot emosionele probleme. Die navorser vind die standpunt kredietwaardig, veral in die lig van die feit dat die Gestaltspelterapie die kind as 'n holistiese wese sien waar die een ontwikkelingskenmerk van die kind ook op die ander kenmerke 'n invloed kan hê.

2.3.1.4. Sosiale ontwikkeling

Volgens Van den Aardweg en Van den Aardweg (1999:225) verag seuns dogters se aktiwiteite in hierdie stadium. Vroulikheid word met liefde, romanse, linte, poppe en trane geassosieer. Dogters neem nie veel notisie van seuns tydens hierdie fase nie. Dogtertjies geniet dit om deel te wees van 'n klub en hulle "bendes" is meer eksklusief en outokraties as seuns s'n. Schoeman (2001:27) wys daarop dat die portuurgroep in hierdie fase reeds 'n groot rol speel. Die navorser merk ook uit ondervinding in die praktyk op dat die portuurgroep op hierdie ouderdom toenemend 'n groter invloed het as wat vroeër jare die geval was.

Die dood van 'n ouer bemoeilik dikwels die laerskoolkind se sosialisering, veral omdat onsensitiewe maats dikwels hierdie kinders spot (Grobler, 2000:37). Vos (1997:36) voeg daarby dat wanneer die laerskoolkind bewus word daarvan dat ander kinders twee ouers het, hy ingedoen voel.

2.3.1.5. Persoonlikheidsontwikkeling

Volgens Schoeman (2001:27) ontwikkel die selfkonsep vinnig gedurende die laerskooljare. Die ideale self omsluit baie van die norme wat hulle geleer het en dit help hulle om impulse te beheer ten einde as 'n goeie persoon beskou te word. Dit is

belangrik dat die kind in hierdie fase reg hanteer word deur veral ouers en onderwysers. Dit is nodig dat die kind die boodskap kry dat hy aanvaar word soos hy is, positiewe vertrouwe gekommunikeer word, die kind se pogings en prestasies erken word en die kind eerder aangemoedig as geprys word. Grobler (2000:56) wys deur uitgebreide navorsing daarop dat veral die dood van 'n ouer 'n groot impak het op die persoonlikheidsontwikkeling van die laerskoolkind. Sy wys op verskeie patologiese probleme wat die verlies veral ten opsigte van die kind se funksionering in sy latere lewe kan meebring. Die navorser stem saam dat die impak van die dood van 'n geliefde op die kind se persoonlikheidsontwikkeling wel baie negatief kan wees. Dit verhoog die nodigheid dat daar terapeutiese ingegryp moet word om die kind in die verwerking van die verlies te begelei.

2.3.1.6. Geestelike ontwikkelingsvlak

Daar word deur Trent (2003:130) daarop gewys dat 'n kind aan die begin van sy laerskooljare 'n begrip moet kry van waarom verhoudings so belangrik is en hoe dit hulle interaksies met ander mense beïnvloed. Kinders van hierdie ouderdom is nie meer so passief soos die kleuter nie en daarom moet die kind aktief betrek word by die ontwikkeling van hulle verhouding met God deurdat die kind byvoorbeeld self 'n gebed bid. Vanweë die kind se kognitiewe ontwikkeling in die laerskooljare word hierdie stadium op die geestelike ontwikkelingsvlak die "Hoekom-stadium" genoem. Hulle wil weet "waarom" en "hoe" en ondersoek verskillende moontlikhede. Dit is belangrik om dinge aan hulle te verduidelik sodat hulle begrip daarvoor kan ontwikkel met die gevolg dat hulle in staat sal wees om eie besluite te neem. Die neem van keuses gebaseer op kennis en ervaring wat hulle tot dusver in hulle lewe opgedoen het, maak dat hulle geloof vir hulle werklik is (Trent, 2003:135). Die navorser stem saam dat hierdie self-eiening van die kind se geloof belangrik is, omdat dit nie bloot 'n geloof word wat hulle voorgesê is nie, maar 'n persoonlike oortuiging.

Kinders van hierdie ouderdom het ook verhoudingsredes nodig waar hulle deur ondervinding leer wat gebeur wanneer hulle God aktief vertrou. Hulle net nodig om hulle geloof werklik en prakties te beleef. Wanneer hulle dus konkrete bewyse sien van God se sorg byvoorbeeld wanneer hulle vir iets gebid het en dit het gebeur, raak hulle

geloof sterk gevestig. Hulle verkry so 'n positiewe ondervinding van God (Trent, 2003:135). Die navorser is van mening dat die teendeel ook waar kan wees. Wanneer 'n kind byvoorbeeld sou bid dat sy ma gesond moet word en dan sterf sy tog, kan hy sy vertrouwe in God verloor en nie meer in God glo as 'n liefdevolle God nie. Schoeman (2001:127) wys daarop dat 'n kind in die dae na die dood van 'n geliefde wel 'n weerstand teen die godsdienstige aspekte kan ontwikkel as deel van die skokreaksie.

Volgens Trent (2003:144) begin die kind teen die einde van die laerskooljare God se waardes deel maak van hulle lewe. Dit is nog nie totaal gevestig nie, maar hierdie senior jare van die laerskoolkind is 'n belangrike oorgangsfase in die kind se volwasse geestelike ontwikkeling.

Kinders ervaar veral negatiewe emosies teenoor God oor die geweldige verlies wat hulle ervaar, aldus Du Toit en Du Toit (2002:141). Grobler (200:53) wys daarop dat die gesin die basis vir die kind se godsdienstige oortuiging is, aangesien ouers hulle kinders volgens 'n bepaalde geloofsoortuiging opvoed, al dan nie. Die dood van 'n ouer kan op die geestelike vlak verandering meebring deurdat die kind nuwe en vreemde vrae in sy gemoed ervaar na die dood van sy ouer. Kinders wonder soms waarom God die ouer weggeneem het en die feit dat hierdie vraag so moeilik beantwoordbaar is, lei soms tot opstandigheid in die geloofslewe.

Schoeman (2001:127) wys daarop dat die volgende godsdienstige emosies in die rouproses ervaar kan word:

- Wisselende godsdienstige stemming kan voorkom in die rouproses aangesien berusting en aanvaarding dinamiese prosesse is.
- Godsdienstige koudheid- en onmagsgesvoelens kan voorkom in die dae direk na die afsterwe van die geliefde as gevolg van die skokreaksie wat gevoelloosheid tot gevolg het.
- Gesvoelens van opstandigheid waaronder verwyte en twyfel kan voorkom, veral waar die dood onverwags ingetree het. Aggressie kan op God gerig word en projekteer die kind se frustrasies en gevoel van verontregting.

- Subjektiewe twyfelgevoelens kan na vore kom as deel van die depressiegevoel van die rouproses waarin selfverwerping kenmerkend is.
- Godsdienstige gerigtheid kan meer in die rouproses na vore kom. Die laerskoolkind kan 'n groot behoefte ervaar om troos te vind in godsdiens en om die gebeure so te verwerk dat vrede en berusting in God gevind kan word. Daar is 'n behoefte om in God se Woord troos te vind en om die Goddelike bedoeling met die smartvolle gebeure te begryp en te verwerk.

Die navorser is van mening dat die godsdienstige gerigtheid soos Schoeman (2001: 127-128) dit stel, neerslag sal vind in die kind se vlak van geestelike ontwikkeling. Die navorser stem in hierdie verband saam met Grobler (2000:53) dat die laerskoolkind se geestelike vlak grootliks beïnvloed word deur die wyse waarop ouers die geestelike waarhede ingeskerp het en geloof vir die kind vergestalt het. Trent (2003:12) wys ook daarop dat dit elke Christen-ouer se roeping en voorreg is om hulle kinders voor te stel aan Jesus Christus en hulle te begelei op die geloofspad om "Jesus as die enigste Een te ken wat hulle kan red, lei en veilig en warm kan hou, hier en nou én vir ewig."

2.3.1.7. Verwerking van verlies in daaropvolgende ontwikkelingsstadia

Daar word deur Lawrentz en Green (2001:96) daarop gewys dat 'n kind met die aanvang van 'n volgende ontwikkelingsstadium weer deur die verlies van die geliefde se dood sal moet werk. Met die aanvang van elke ontwikkelingsstadium verkry die kind 'n meer volwasse begripsvermoë en moet hy dan sy verlies in terme van sy meer volwasse begrip verwerk en opnuut in sy lewe integreer.

Die laerskoolkind moet soos hy volwasse word en deur die verskillende ontwikkelingsvlakke beweeg, by elke ontwikkelingsvlak die verlies van die dood van die geliefde op die nuwe vlak van denke, emosies en verbande verwerk. Kinders se konsep en begrip van dood ontwikkel ook kognitief soos hulle ouer word. Dit behels dat die kind weer deur die verlies van die dood moet werk voordat die verlies in die nuwe ontwikkelingsfase geïntegreer kan word. Worden (1996:86) wys daarop dat in die geval van die dood van 'n ouer, sosialisering 'n jaar na die ouer se afsterwe meer problematies

vir die kind is as direk na die dood van 'n ouer. Dit word toegeskryf aan maats wat onsensitief is teenoor die kind se verlies en hom spot of terroriseer.

2.3.2. Die persoon wat gesterf het

Die identiteit en rol van die persoon wat gesterf het is volgens Grobler (2000:18) in die kind se lewe 'n belangrike aspek in die verwerking van die verlies van die dood. Obsatz (1999:35) wys daarop dat die tipe verhouding wat die kind gehad het met die geliefde wat gesterf het, die rouproses beïnvloed. Diep vriendskappe en verhoudings wat deur die dood verbreek word, bring baie pyn mee. Die navorser maak die afleiding dat die dood van 'n grootouer met wie die kind 'n baie hegte verhouding gehad het, net so, indien nie meer traumaties vir die kind kan wees as die dood van 'n ouer. Dit kan so wees veral indien die ouer nie so 'n goeie verhouding met die kind gehad het nie.

2.3.3. Die wyse waarop die persoon dood is

Volgens Obsatz (1999:35) hang die verwerking van die verlies van 'n geliefde ook af van die wyse waarop die verlies plaasgevind het. Daar word onderskei tussen verwagte verliese soos die afsterwe van 'n negentigjarige ouma en onverwagse verliese soos die dood van 'n vyftienjarige sussie in 'n motorongeluk. Met ouer persone voorsien mense soms dat daar 'n moontlike afsterwe kan plaasvind en dit kan die verlies makliker maak om te verwerk. 'n Skielike, skokkende afsterwe van 'n jonger persoon is om dié rede dikwels moeiliker om te verwerk. Grobler (2000:19) dui aan dat skielike dood soos in die geval van 'n motorongeluk, 'n meer intensiewe uitwerking op die kind het aangesien daar geen voorbereidingstydperk was nie, soos byvoorbeeld in die geval van dood wat deur 'n terminale siekte veroorsaak word. Dood as gevolg van selfmoord het ook 'n groot effek aangesien dit skielik is en ook baie skuldgevoelens en gevoelens van verwerping by die kind tot gevolg het. Van Niekerk (2002:29) wys daarop dat dit ook dikwels langer neem om die treurproses te voltooi indien die geliefde op 'n gewelddadige wyse dood is.

2.3.4. Die leefwêreld van die kind

Daar is reeds verwys na Van Niekerk (2002: 11) se waarneming ten opsigte van die veranderde tye waarin die Christen-Afrikaanssprekende kind sy verlies moet verwerk.

Daar is nie meer die sterk familiebande soos voorheen wat ondersteuning aan die kind in sy treurproses kan bied nie. Van Niekerk (2002:51) wys verder daarop dat mense se treurgedrag kultureel bepaal word en daarom voorspelbaar dieselfde is. Binne die wit Afrikaanssprekende kultuur kom mense op begrafnisse almal dieselfde voor: gesigte strak en "sterk". Dit is die treurmodel wat mense geskep het waarby kinders moet konformeer. Volgens die navorser het hierdie kultureel bepaalde treurmodel nie vir die kind wat verlies ervaar 'n positiewe invloed sodat hy sy verlies effektief kan verwerk nie.

Daar word deur Hindmarch (2000:68) die opmerking gemaak dat dit opvallend is dat mense wat nie meer aktief by die kerk betrokke is nie met die dood van 'n geliefde, soos hy dit stel, terugval op die tradisionele gelowe en rituele van hulle kultuur. Dit het volgens die skrywer die gevolg dat die geestelike leier van die familie se bepaalde geloofsgroep met die dood van 'n geliefde by die familie betrokke raak. Die navorser is van mening dat dit inderdaad die geval is met die wit Afrikaanssprekende kultuur. Hoewel baie families nie meer aktief by 'n kerk inskakel nie, is dit asof hulle weer met die dood van 'n geliefde die behoefte het om met God kontak te maak tydens die verwerking van hulle verlies. Dit bring die geestelike aspekte in die kind se leëwêreld na vore met baie nuwe vrae en onsekerhede oor geestelike aspekte. Hierdie vrae en onsekerhede kan in die terapeutiese proses na vore kom.

2.4. GESTALTSPELTERAPIE EN DIE HANTERING VAN DIE KIND WAT VERLIES ERVAAR

Die kind wat verlies ervaar kan volgens Doka (1995:xii) terapeuties beter begelei word indien ekspressiewe terapie met verskillende mediums soos musiek, kuns, spel, dans of drama benut word. Hierdie vorme van terapie bied aan die kind die geleentheid om deur katarsis, projeksie en refleksie uiting aan gevoelens te gee. Dit is vir die kind minder bedreigend om op hierdie kreatiewe wyses aan sy emosies uiting te gee as wat die kind een-tot-een 'n gesprek met 'n volwassene sou voer. Die navorser is van oortuiging dat Gestaltspelterapie die aangewese vorm van terapie is vir die kind wat verlies ervaar, aangesien speltherapie van al bogenoemde wyses gebruik maak in die terapeutiese proses.

Daar word deur Joyce en Sills (2001:131) daarop gewys dat die kind wat verlies ervaar baie onvoltooidhede het wat deur terapeutiese tegnieke op die voorgrond gebring kan word sodat die kind 'n bewustheid daarvan kan ontwikkel. Die “hier-en-nou” van Gestalt is nodig om die kind in kontak te bring met die emosies wat hy in die teenwoordige tyd ervaar. Gestaltspelterapie beskik oor vele tegnieke wat aangewend kan word vir hierdie doel. Voorbeelde hiervan is die droomtegniek en die monsterttegniek. Verskeie vorme van spel met verskillende media soos klei en sand, asook storievertelling kan funksioneel aangewend word om die kind deur die verlies te begelei (Schoeman, 2002:13; Shoeman, 2001: 109).

Die navorser is van mening dat die Gestaltspelterapeutiese benadering van groot waarde kan wees om die laerskoolkind te begelei in die sinvolle verwerking van sy verlies. Gestaltterapie is 'n fenomenologiese, proses-georiënteerde terapie met die oog op die gesonde funksionering van die mens as organisme in al sy dimensies: die sensoriese, liggaamlike, emosionele en intellektuele. Vandaar dat Gestaltterapie vanuit bepaalde teoretiese konsepte funksioneer (Sweeney & Hofmeyer, 1999:162).

Die teoretiese agtergrond van Gestaltspelterapie word vervolgens bespreek om die belangrikste uitgangspunte van Gestaltspelterapie uit te lig en daarop te wys hoe dit sinvol aangewend kan word in die hantering van die kind wat verlies ervaar.

2.4.1. Die "I-Thou"-verhouding

Die "I-Thou"-verhouding verwys na die verhouding tussen die terapeut en die kind wat verlies as gevolg van die dood van 'n geliefde ervaar het. Die terapeut het die verantwoordelikheid om haarself opreg en vrywillig ten volle tot ontmoeting met die kind te bring. Sy aanvaar die kind onvoorwaardelik en is ook bewus van haar eie beperkinge. Hoewel die terapeut doelstellings en planne het met die terapie, stel sy geen verwagtinge aan die kind nie. Terapie vind spontaan sonder manipulasie of rolvertolkings plaas (Joyce & Sills, 2001:53-54). Die navorser is van mening dat die "I-Thou"-verhouding ten nouste aansluit by die belangrikheid van die terapeut se verhouding met die kind. Die terapeut moet 'n goeie verhouding met die kind vestig en

in stand hou om die terapeutiese proses te laat slaag. Wanneer daar met die verlies deur die dood gewerk word, is dit verder van belang dat die terapeut haar eie vrese en gevoelens rondom die dood reeds hanteer het soos vroeër in die hoofstuk aanbeveel is (Hindmarch, 2000:185).

2.4.2. Kontak

Kontak behels die vermoë om die self tot volle kontak of ontmoeting met die terapeut te bring. Gesonde kontak behels die gebruik van die sensoriese modaliteite (reuk, tas, gehoor, smaak en sig), bewustheid van die self en ander, die uitdruk van emosies op 'n gesonde wyse en die gebruik van die intellek. Wanneer een van hierdie modaliteite geblokkeer word, kan ware kontak nie plaasvind nie (Sweeney & Hofmeyer, 1999:163). Die navorser is van mening dat ware kontak beïnvloed word deur die "I-Thou"-verhouding of die kwaliteit van die verhouding wat die terapeut met die kind ontwikkel het.

2.4.3. Kontakgrense en -versteurings

Kontak word vanuit die self op die grense van die self gemaak en sodoende word die ander as 'n nie-self ervaar. Op hierdie wyse word die self en die ander op 'n dieper vlak ervaar. Wanneer die self van 'n kind nie duidelik gedefinieer is nie, is die kontak wat hy maak ook swak (Sweeney & Hofmeyer, 1999:163). Harris (1995: 2) wys daarop dat die terapeut 'n belangrike rol speel deurdat sy reëls neerlê om sodoende veilige grense waarbinne geëksperimenteer kan word daar te stel. Kontakversteurings kom na vore om die self te beskerm. 'n Voorbeeld daarvan is projeksie. Volgens die navorser word die projeksies wat die kind maak om homself te beskerm binne Gestaltspelterapie effektief benut en aangewend om die kind tot bewustheid te lei.

2.4.4. Weerstand

Weerstand word beskou as 'n manifestasie van energie, sowel as 'n aanduiding van die kontakvlak van die kind. Weerstand word in die Gestaltteorie as 'n gesonde respons beskou omdat dit toon dat die kind se self gesond ontwikkel is (Sweeney & Hofmeyer, 1999:163). Die navorser is van mening dat weerstand in die terapeutiese proses 'n

moeilike aspek is om te hanteer. Dit verg baie kreatiwiteit van die terapeut om deur weerstand te werk.

2.4.5. Bewustheid en ervaring

Om die kind bewus te maak van sy eie proses – van wat en hoe hy dit doen – is een van die sleutelaspekte van Gestalt. Sodoende kan die kind, deur bewus te word van spesifieke gedrag wat aanleiding gegee het tot probleme, kies om te eksperimenteer met nuwe, bevredigende wyses om te wees. Hindmarch (2000:110) wys daarop dat bewustheid by die terapeut ook van groot belang is sodat terapeute van hulle eie vrese en vooroordele rondom die dood bewus kan word. Die navorser vind bewustheid en ervaring een van die sleutelemente in die hantering van verlies by die kind. Volgens die navorser is bewustheid van wat die kind voel en die ware belewenis van die ervaring onontbeerlik vir die sinvolle hantering van verlies.

2.4.6. Samevloeiing en polariteite

Samevloeiing word gebruik waar daar veral weerstand teen die terapeutiese proses ervaar word. Polariteite word as 'n baie kosbare hulpmiddel in die terapeutiese intervensie gebruik waar die kind deur middel van polariteite weer balans kan verkry (Schoeman, 2001). Die navorser het in terapie met kinders wat verlies ervaar, bevind dat polariteite van groot waarde is. Die terapeut kan nie die kind se pyn op 'n wonderbaarlike wyse wegneem of laat verdwyn nie, maar deur polariteite te benut, kan die terapeut die kind help om deur sy pyn positiewe aspekte te ondersoek, bewus te word daarvan en 'n lig in 'n donker tunnel te probeer vind.

2.5. SAMEVATTING

Die navorser is van mening dat met die ervaring van verlies, dit nodig is om die kind as holistiese wese te benader sodat die totale ervaringswêreld van die kind binne die terapeutiese proses aangespreek kan word. Dit is nodig om die kind binne sy ontwikkelingsvlak met bepaalde kulturele en godsdienstige invloede te erken om sodoende sy menswees in totaliteit aan te spreek.

Die erkenning en hantering van die kind se alledaagse verliese is van groot belang. Dit onderrig basies die kind in die hantering van verlies en verskaf aan die kind 'n bepaalde ervaring van verlies wat hom beter sal toerus vir die hantering van die verlies van 'n geliefde. Dit is 'n pro-aktiewe benadering tot die hantering van verlies wat deur ouers en in lewensvaardigheidprogramme by skole hanteer kan word.

Die rol van die ouer vir die sinvolle verwerking van verlies is egter altyd van kardinale belang. Kinders modelleer die ouers se proses van rou. Ouers moet daarom openlik met die kind oor die verlies praat en die kind deel maak van die gesin en familie se rouproses.

Die navorser vind die pastorale voorstelle vir die hantering van die kind wat verlies ervaar soos dit in die Bybelse treurmodel uiteengesit word, versoenbaar met en aanvullend tot die Gestaltbenadering. In ag genome die hoë persentasie Christene in Suid-Afrika is dit vir die terapeut van waarde om toegerus te wees om moontlike geestelike vrae en behoeftes wat by die kind wat verlies ervaar teenwoordig mag wees, te kan hanteer.

Vanuit die literatuurstudie is die teoretiese agtergrond van die kind wat verlies ervaar, ondersoek. Die empiriese hoofstuk word vervolgens bespreek waar die navorser die laerskoolkind se ervaring van verlies op 'n praktiese wyse sal ondersoek.